

“Die verwesenliking van ’n Afrikanerdroom”: Die stigting van die Randse Afrikaanse Universiteit, 1955-1968

Juan Klee

Departement Historiese Studies

Universiteit van Johannesburg

Opsomming

This article focuses on several factors that contributed to the establishment of the Rand Afrikaans University (RAU). It is argued that the RAU was not primarily founded as a result of the increase in the number of Afrikaners on the Rand, much less to serve as a countermeasure against the University of the Witwatersrand (Wits). The Afrikaner’s quest for an Afrikaans Christian National tertiary institution resulted in the establishment of the RAU, although it was not the main motivation for its development. Research, as discussed in this article, shows that the RAU primarily was established for the Afrikaner to enable themselves to become powerful role-players in the industrial heartland of South Africa. This article also points out that with the establishment of the RAU various obstacles had to be overcome, of which the National Party (NP) was prominent. RAU’s development, in many ways, represents the realisation of an Afrikaner Dream to sustain an Afrikaans University in the heartland of Johannesburg as economic centre, and to support the empowering of Afrikaners to fill leading roles in the economic and other sectors.

Sleutelwoorde: Stigtingsgeskiedenis; RAU; Nasionale Party; Christelikenasionaal; Tersiêre onderwysinstelling; Goudstadse Onderwyskollege; Afrikaner; Witwatersrand; Nywerheidshartland van Suid-Afrika; Rand; Auckland Park; Johannesburg; Joodse en Engelse sakelui.

Inleiding

“It can now be disclosed that the decision to ‘break Wits’ was taken as far back as 1953 by an influential group of Broederbonders ... the reason for the new university is mainly political (and) it is understood that the campaign against Wits, will be fought on both political and financial grounds”.¹

¹ *Sunday Times*, 10 November 1963.

Dié sensasiebelaaide berig in die *Sunday Times* vyf jaar voor die amptelike inwyding van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) in 1968, werp nie alleen lig op die mening van één Engelstalige koerant oor die stigting van die universiteit nie, maar verskaf ook 'n blik op die interpretasie van sommiges op hierdie gebeurtenis. Die verdagmakende bewerings wat hierdie berig kenmerk, is tekenend van die negatiewe en bevooroordeelde opinies wat die stigting van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand voorafgegaan het, veral onder sekere Engelstalige sektore van die publiek. Hierdie, asook ander soortgelyke opinies, is ook geuiter deur sommige Engelse instellings soos Wits, deur sommige Afrikaanse akademici en gewone lede van die publiek. Dit is daarom belangrik dat die ondersoek na die stigting van die RAU kennis moet neem van hierdie opinies omdat dit saam met ander faktore, wat in die verloop van hierdie artikel toegelig sal word, verklaar waarom die stigting van die universiteit as die “verwesening van 'n Afrikaner droom” beskou kan word.

Verder is 'n ondersoek na die ontstaansgeskiedenis van die RAU noodsaaklik omdat, binne die raamwerk van die institusionele geskiedenis van Suid-Afrikaanse universiteite, dit nog weinig aandag geniet het. Tot op datum is daar geen omvattende eksklusiewe studie gedoen oor die geskiedenis van die RAU nie. Enkele populêre publikasies oor aspekte van hierdie geskiedenis het wel die lig gesien. Dit sluit in die *Gedenkalbum* wat 'n reflektoring is op die amptelike opening van die RAU op 24 Februarie 1968² en *Signum, RAU 10 jaar 1968-1978*.³ Verder is daar ook die stigtersrektor, Gerrit Viljoen se *Aambeeld: die eerste Twintig jaar*,⁴ en MA Beale se studie, *Apartheid and University Education, 1948-1970*.⁵ Hierdie werke is meestal deurgaans geleentheidspublikasies, of dek slegs enkele aspekte van die ontstaan van die universiteit.⁶ Met hierdie artikel word daar begin om die bestaande kennis oor die ontstaan van die RAU saam te vat, te sistematiseer, aan te vul en binne die raamwerk van Suid-Afrikaanse universiteitsgeskiedenis te plaas.

2 *Gedenkalbum van die opening van die RAU*, 24 Februarie 1968.

3 *Signum; RAU 10 Jaar 1968-1978*, Julie 1978.

4 G van N Viljoen, *Aambeeld*, November 1986.

5 MA Beale, “*Apartheid and University Education, 1948-1970*” (Ph.D, University of the Witwatersrand, 1998).

6 Twee ander publikasies van belang oor die stigting van die RAU is dié van PJ Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*; B Louw & F van Rensburg, *Bestendige Binnevuur; Perspektiewe op Gerrit Viljoen*. Meyer se boek verskaf 'n blik op sy eie lewe en sy betrokkenheid in georganiseerde Afrikaner aktiwiteite waarvan die stigting van die RAU maar een was. Meyer was byvoorbeeld ook aktief betrokke in die Afrikaner-Broederbond en het twintig jaar lank gedien as SAUK-voorsitter. Die gedeelte wat handel oor die RAU verteenwoordig slegs sy weergawe van die stigtingsgeskiedenis van die RAU. *Bestendige Binnevuur* verskaf verskillende perspektiewe op die lewe van Gerrit Viljoen, en meer spesifiek sy visie vir die RAU op akademiese, kulturele en argitektoniese terreine. Al hierdie bronne is egter los persoonlike weergawes en verteenwoordig nie wetenskaplike navorsing oor die ontstaansgeskiedenis van die RAU nie.

Die ondersoek na die ontstaansgeskiedenis van die RAU vereis 'n oorsigtelike historiografiese opname van navorsing wat die lig gesien het oor die ontstaan en geskiedenis van ander universiteite in Suid-Afrika. 'n Volledige opname van universiteitsgeskiedenis in Suid-Afrika is op hierdie stadium nie moontlik nie aangesien daar tans nog navorsing gedoen word oor die geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat, die geskiedenis van Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) hersien word, en die outeur wat self besig is om navorsing oor die geskiedenis van die RAU te doen. Dit nog naas die feit dat die geskiedenis van verskeie van die jonger universiteite in Suid-Afrika nog glad nie geboekstaaf is nie.

Hierdie studie poog om aan te sluit by die bestaande literatuur oor die geskiedenis van Suid-Afrikaanse universiteite. Hierdie literatuur word gekenmerk deur 'n mengeling van beide akademiese geskiednisse en meer populêre geleentheidspublikasies. Die mees volledige van hierdie studies is waarskynlik Bruce Murray se tweedelige geskiedenis van die Universiteit van die Witwatersrand wat onderskeidelik in 1983 en 1997 verskyn het.⁷ Ewe bekend is Howard Philips se studie oor die vroeë geskiedenis van die Universiteit van Kaapstad, *The University of Cape Town, 1918-1948: The Formative years*,⁸ wat voortbou op meer populêre vroeëre werke.⁹ Daar bestaan ook omvangryke ouer werke oor die geskiedenis van die eertydse Universiteit van Natal¹⁰ en Rhodes Universiteit.¹¹ Die meeste eertydse Afrikaanse universiteite se geskiedenis is ook reeds in een of ander vorm geboekstaaf. So is daar gedenkboeke wat by die vyftigjare bestaan van die Universiteit van Pretoria en die honderdjarige bestaan van Stellenbosch Universiteit verskyn het.¹² Die vroeë geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika is ook deeglik deur Maurice Boucher behandel.¹³ Die mees onlangse byvoeging tot hierdie genre is die omvattende geskiedenis in twee dele van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: *Wonderdaad...! Die PUK tot 1951: Wording*,

7 B Murray, *Wits, the early years: A history of the University of the Witwatersrand Johannesburg and its precursors 1896-1939* (Wits University Press, Johannesburg, 1983); *Wits, the "open" years: A history of the University of the Witwatersrand* (Wits University Press, Johannesburg, 1997).

8 H Phillips, *The University of Cape Town, 1910-1948: The formative years* (UCT Press, Cape Town, 1993).

9 EA Walker, *The South African College and the University of Cape Town, 1829-1929* (The University, Cape Town, 1929); A Lennox-Short & D Walsh (reds), *UCT at 150: Reflections* (David Philip, Cape Town, 1979).

10 EH Brooks, *A History of the University of Natal* (University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1966).

11 RF Currey, *Rhodes University, 1904-1970: A chronicle* (Rustica Press, Grahamstown, 1970).

12 AN Pelzer, FJ de Toit Spies & WJ de Kok (reds), *Ad Destinatum 1910-1960* (Pretoria, 1960). Hierdie geskiedenis is in middels met verdere uitgawes van *Ad Destinatum* aangevul. HB Thom, *Stellenbosch 1866-1966* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1966).

13 M Boucher, *'Spes in Arduis': 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika* (Wallachs Drukkery Edms Bpk, Pretoria, 1973).

vestiging en selfstandigheid, deur PF van der Schyff, en *In U Lig: Die PU vir CHO van Selfstandigwording tot samesmelting 1951-2004*, onder redaksie van Elize S van Eeden.¹⁴

Die onderhawige artikel verteenwoordig geensins 'n volledige studie van die ontstaansgeskiedenis van die RAU nie maar poog om die leemte wat daar bestaan binne die raamwerk van die institusionele geskiedenis in Suid-Afrika ten opsigte van een van ons jonger universiteite aan te spreek. In hierdie stuk word die chronologiese ontstaansgeskiedenis van die RAU in die periode tussen 1955 en 1968 ontleed. Dit word gedoen deur drie stelle faktore toe te lig, naamlik die begeerte van Afrikaners aan die Rand om hulself te laat geld in die Engelse 'oorheersingsmilieu' van die Witwatersrand; die toename in getalsterkte onder hierdie bevolkingsdeel en hul ideologiese begeerte om Christelik-nasionale tersiêre onderrig daar te stel. Vervolgens word die relatiewe belang van hierdie faktore behandel, waarna die probleme met die stigting van die RAU bespreek word.

Die RAU en Afrikaners se begeerte na groter selfbeskikking

In Februarie 1968 neem Professor Gerrit Viljoen sy plek in voor die podium van die Skilpadopsaal op die Braamfontein-kampus as eerste rektor van die RAU. Hy verduidelik aan die ouers van die eerste studente dat alhoewel die gebou waarin hulle sit steeds vol gebreke was, die fundamente diep gelê en sterk gebou is.¹⁵ Verder deel hy sy gehoor mee dat dit 'n besondere dag is omdat dit die begin inlei van die eerste Afrikaanse universiteit aan die Witwatersrand.

Volgens hom het die Afrikaners van Johannesburg oor baie jare swaar gestry om hul taal erken te kry en om geriewe vir die opvoeding van hul kinders gevestig te kry.¹⁶ Volgens Viljoen was die dae verby waar die Afrikaner aan die Rand die rol van houtkappers en waterdraers moes vervul en hulle moes skaam om openlik Afrikaans te praat, of moes toelaat dat hul politieke leiers met skelwoorde, tafelpote en geweld teengestaan en verneder word. Die stigting van die RAU het dus verseker dat die, "... slap rug van die twyfelaar

14 PF van der Schyff, *Wonderdaad...! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid* (Paarl Print, Paarl, 2003), ES van Eeden (Red), *In U Lig: Die PU vir CHO van Selfstandigheid tot samesmelting 1951-2004* (Dcomm Design Print Signage, Potchefstroom, 2005).

15 JC van der Walt, *Gerrit Viljoen se RAU: Toe en Vandag*; B Louw & F van Rensburg, *Bestendige Binnevuur, Perspektiewe op Gerrit Viljoen* (Kaapstad, Tafelberg, 1997), p. 120.

16 *Gedenkalbum van die opening van die RAU, Johannesburg*, 24 Februarie 1968, Toespraak deur Prof. G van N Viljoen - Verwelkoming van die ouers van studente, p. 45.

(weer) styf geword (het); (en) die spiere van die vermooides ... weer krag gekry (het)".¹⁷




Foto 1: Professor Gerrit Viljoen, eerste rektor van die RAU

Tydens dieselfde geleentheid maak dr. N Diederichs as die eerste kanselier ook die stelling dat die stigting van die nuwe Afrikaanse universiteit 'n groot gebeurtenis is vir die Afrikaner aangesien: "Hierdie universiteit ... hier (gaan) staan as 'n verdere monument vir hulle wat oor jare en geslagte gestry het vir die handhawing en bevordering van 'n eie Afrikaanse taal en kultuur, 'n eie Afrikaanse identiteit, omdat hulle geglo het dat die Afrikaner langs daardie weg die beste in staat sal wees om ook sy hoogste bydrae tot die welvaart en geluk van die Suid-Afrikaanse land en volk as geheel te lewer."¹⁸

Uit bogenoemde blyk dit nie alleen dat die taal- en kultuurkarakter van die RAU belangrik was nie, maar dat dit van kardinale belang was dat die Afrikaners hulle deur die stigting van die RAU kon laat geld sodat hulle hul plek in die nywerheidshartland, die land as geheel en selfs internasionaal kon volstaan. Hierby sluit JC van der Walt amper dertig jaar later aan deur die posisie en stryd van die Afrikaner in die eerste helfte van die 1900s te vergelyk met die posisie van die huidige swart gemeenskap deur die volgende stelling te maak: "... beskrywende woorde soos 'agterstand', 'stryd', 'verarming', 'minagting', 'vervreemding' en 'n 'verlore geslag' herinner sterk aan ... die huidige swart gemeenskap ... Die Afrikaner het sy 'stryd' veral gevoer deur die vestiging van skole, kerke, kultuurorganisasies en die beywering vir die vestiging van eie

¹⁷ *Gedenkalbum van die opening van die RAU Johannesburg*, 24 Februarie 1968, p. 66.

¹⁸ *Gedenkalbum van die opening van die RAU Johannesburg*, 24 Februarie 1968, p. 19.

tersiëre opvoedkundige instellings”. Van der Walt kom tot die gevolgtrekking dat die vestiging van die RAU die kulminasie van hierdie “stryd” was en ’n wesenlike deel van ’n “oorwinning” verteenwoordig het deurdat dit die Afrikaner se selfrespek herstel het en gelei het tot ’n volwaardige plek in die groter gemeenskap.¹⁹ In hierdie opsig was die stigting van die RAU dus die verwesenliking van ’n Afrikanerdroom.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die stigtingsgeskiedenis van die RAU verstaan moet word. Dit het plaasgevind binne die raamwerk van die groeiende en ontwikkelende Afrikaanse gemeenskapslewe in al sy verskillende vertakkings aan die Witwatersrand sedert die 1920s. Die RAU het van onder af, en vanuit ’n bepaalde Afrikanergees, -tradisie en -strewe gegroei. Dit is om dié rede dat die RAU nie gesien moet word as ’n instelling wat slegs om statistiese redes van bo af gevorm en sy beslag gekry het, en bloot gestig is om in die behoeftes van die groeiende aantal Afrikaanssprekende studente te voorsien nie. Met bogenoemde in gedagte word daar vervolgens kortliks gekyk na die rol van groeiende getalle Afrikaanssprekendes op sekondêre vlak, asook die belangrikheid van Christelike-nasionale onderrig as bepalende faktore in die stigting van die RAU.

Groeiende getalle Afrikaanssprekende studente

Vooraanstaande Afrikaanssprekende leiers aan die Witwatersrand het geleidelik bewus geword van die agterstande waarin Afrikaners hulself bevind het in terme van onderwys, kultuur en ekonomie, en het doelgerig begin strewe om ’n einde daaraan te maak.²⁰ Dat daar wel soms die hoop in sekere kringe binne en buite die Nasionale Party (NP) uitgespreek is dat die stigting van ’n Afrikaanse universiteit aan die Rand as teenvoeter moes dien teen die uitgesproke liberale Universiteit van die Witwatersrand (Wits) kan nie ontken word nie. Een voorbeeld hiervan kan gevind word in ’n anonieme dokument wat in November 1963 opgestel is. Hierdie dokument, getiteld *Ons Suid-Afrikaanse Universiteite en Universiteitskolleges*, is basies ’n analise van al die Suid-Afrikaanse universiteite. In hierdie ontleding word daar veral gefokus op die liberale aard van die Engelse universiteite en die kommunistiese sentimente wat in daardie stadium deur sommige van die Engelse universiteitsowerhede gehuldig is. Die standpunt van die gewese

¹⁹ JC van der Walt, *Gerrit Viljoen se RAU: Toe en vandag*, p. 121.

²⁰ Randse Afrikaanse Universiteit (hierna RAU) C1, Johannesburg, PJ Meyer-versameling, Lêer C 1/1, Die beplanning van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, 1968, p. 1.

rektor van Wits, prof. ID MacCrone dat Wits nie geïntimideer sou word om af te sien van sy liberale aard nie, en dat die universiteit selfs trots was op hierdie liberale reputasie, het groot kommer gewek by die opsteller van dié dokument. As gevolg hiervan, meen die skrywer, is die stigting van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand noodsaaklik om as teenvoeter te dien teen die liberalisme in die universiteitswêreld juis dáár waar dit op sy felste gewoed het, naamlik in Johannesburg.²¹ Die skrywer spreek ten slotte die hoop uit dat 'n gees van konserwatisme en 'n gesonde Suid-Afrikanisme in hierdie voorgestelde nuwe universiteit sou heers.²² Ten spyte hiervan moet dit egter beklemtoon word dat die RAU nie primêr gestig is om as teenvoeter vir Wits te dien nie, maar veel eerder om te voldoen aan die groeiende strewe van die Afrikaners om hulself volwaardig te laat geld.

Dit is om hierdie rede dat 'n studie van die stigting van die RAU nie losgemaak kan word van die politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede waarin die Afrikaners hulself voor, maar veral sedert die 1920s aan die Witwatersrand bevind het nie.²³ Hierdie omstandighede het 'n deurslaggewende rol in die stigtingsgeskiedenis van die RAU gespeel.²⁴ Vanaf die laat 1910s tot die vroeë 1920s het die trek van verarmde Afrikaners na die Witwatersrand op groot skaal toegeneem en dit het veral ná 1932 en tydens die depressiejare (1930-1933) teen 'n versnelde tempo toegeneem.²⁵ Statisties is dit belangrik om te noem dat teen die begin van die twintigste eeu 'n skrale 10% van die Afrikaanse bevolking in stedelike gebiede gewoon het. Hierdie persentasie het egter om verskeie redes, maar veral vanweë ekonomiese oorsake, gegroei sodat dit van 29% in 1911 tot 41% in 1926 toegeneem het.²⁶ Teen 1960 het dit verder tot 75% gegroei. Dit het beteken dat die Afrikaners se bevolkingsgroei tussen 1936 en 1960 met 60% gegroei het, terwyl hul getalle aan die Witwatersrand tydens dieselfde tydperk met 167% toegeneem het.²⁷ Die aantal Afrikaners in Johannesburg het nie net toegeneem omdat baie na die stad gestroom het op soek na werk en in baie gevalle 'n heenkome nie, maar ook weens 'n toename in die geboortetal.

21 RAU C1, PJ Meyer-versameling, Leër C1/1, Ons Suid-Afrikaanse Universiteit en Universiteitskolleges: 'n Ontleding, opsteller van dokument onbekend, November 1963, p. 9.

22 RAU C1, PJ Meyer-versameling, p. 8.

23 MA Beale, "Apartheid and University Education, 1948-1970" (Ph.D, University of the Witwatersrand, 1998), pp. 290-299.

24 RAU C1, PJ Meyer-versameling, Leër C1/1, Die Beplanning van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, 1968, p. 3.

25 ELP Stals et al., *Afrikaners in die Goudstad* (Johannesburg, Haum, 1986, deel 2 1924-1961), pp. 4-5.

26 ELP Stals et al., *Afrikaners in die Goudstad* (Johannesburg, Haum, 1986, deel 2 1924-1961), p. 10.

27 ELP Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, p. 11.

Die toename in die Afrikaners se getalle het ekonomies en sosiaal hul posisie versleg. Die bevolkingsgroeï in Afrikaanse geleedere was egter wel 'n dinamiese faktor wat gelei het tot 'n toename in die aantal Afrikaanse laerskoolleerlinge en die gevolglike stigting van die eerste Afrikaanse hoërskole, soos byvoorbeeld die Hoërskool Voortrekker, Hoërskool Helpmekaar en Hoërskool Monument. Teen 1951 het dit duidelik geword dat die eertydse gebrek aan skoolvoorsiening vir Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand besig was om te verdwyn danksy 'n toename in die stigting van Afrikaanse skole. Die getal blanke skoolkinders het toegeneem van 39 299 in 1941 tot 54 821 in 1951.²⁸ Hoewel dit soms harde werk geverg het, het die stigting van Afrikaanse skole in Johannesburg teen die laat 1950s uiteindelik in die behoeftes van onderwysvoorsiening aan blankes begin voldoen. Dit het egter ook momentum gegee aan die begeerte na tersiëre onderwysfasiliteite vir die Afrikaanssprekende aan die Witwatersrand. Hierdie groei in Afrikanergetalle is ook op kerklike gebied weerspieël deur 'n toename in Afrikaanse gemeentes. Vir Afrikaners was die groei in Afrikaanse kerke van groot belang aangesien dit 'n verdere ondersteuningsmeganisme verseker het om hul verblyf en voortbestaan in die stad te vergemaklik en te verseker. Dit alles was die gevolg van die feit dat daar teen die vroeë 1960's reeds meer as 330 000 Afrikaners aan die Witwatersrand woonagtig was. In 'n berig in *Die Transvaler* op 2 Maart 1962 word daarop gewys dat hierdie groei in getalle alreeds tot die stigting van die Goudstadse Onderwyskollege in Johannesburg gelei het, en dat 'n Afrikaanse universiteit eerlank "uit dieselfde nood gebore" sou word.²⁹

Die aantal Afrikaansmedium-laerskole het teen 1951 tot 97 gegroei en hoërskole tot 15. Teen 1962 het dit alreeds toegeneem tot 105 laerskole en 29 hoërskole. Hierdie toedrag van sake het daartoe aanleiding gegee dat die Transvaalse onderwysowerhede in 1960 ingestem het dat 'n Afrikaanse onderwyskollege, naamlik die Goudstadse onderwyskollege in Februarie 1961, in Johannesburg gestig kon word om te voorsien in die behoeftes van die groeiende aantal studente wat hulself as onderwysers wou bekwaam.³⁰ Op hierdie wyse kon die toenemende aantal Afrikaanstalige skole van Afrikaanse onderwysers voorsien word.

Die stigting van hierdie Afrikaanse kollege het momentum gegee aan die stigting van 'n Afrikaanse universiteit. Dit sou in fases plaasvind. Soos reeds

28 ELP Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, p. 136.

29 *Die Transvaler*, 2 Maart 1962.

30 RAU C1, PJ Meyer-versameling, Lëer C 1/1, Versoekskrif insake die stigting van 'n Afrikaanse Randse Afrikaanse Universiteit, p. 1.

aangetoon, het hierdie strewe en ideale oor 'n lang tydperk vergestaltung begin vind en is daar dikwels na die fases verwys as “veldtogte”. Die verwysing na veldtogte het klaarblyklik te make gehad met die Afrikaners se stryd om die reg tot onderrig in Afrikaans. Die eerste fase het geduur vanaf 1955 tot 1961 en het gekulmineer in die stigting van die Goudstadse Onderwyskollege in Auckland Park. Die tweede fase, vanaf 1961 tot 1965, is oorheers deur onderhandelinge met UNISA om vanaf Pretoria na Johannesburg te verskuif om sodoende 'n Afrikaanse universiteit aan die Witwatersrand daar te stel. Die finale fase, wat gerig was op die verkryging van 'n eie onafhanklike Afrikaanse universiteit, het vanaf 1963 tot 1966 geduur.

Christelik-nasionale tersiële onderrig

Die ideaal om 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand te stig het teen 1955 momentum begin kry toe 'n klein komitee as 'n sub-komitee van die Afrikaanse Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurverenigings belas met onderwys, in Johannesburg vergader het. Onder voorsitterskap van PJ Meyer, en met H Roux as sekretaris, is daar beplan vir die stigting van 'n onderwyskollege en 'n Afrikaanse universiteit aan die Witwatersrand. Tydens hierdie vergadering is daar ook besluit om 'n verteenwoordigende vergadering te belê van alle Afrikaanse kerklike, kulturele en opvoedkundige instellings en goedgesinde organisasies om steun vir hierdie gedagte te kry. Hierdie verteenwoordigende vergadering het sy beslag gekry tydens 'n konferensie wat op 12 Maart 1956 by die Hoër Meisieskool Helpmekaar plaasgevind het.³¹ Tydens hierdie konferensie is PJ Meyer (voorsitter), JJ van Tonder, PJ Hattingh (Sekretaris van die Transvaalse Onderwys) en later Eben Cuyler en Piet van Vuuren verkies tot die komitee belas met hierdie aangeleentheid, en het hulle die dagbestuur gevorm.³²

31 RAU C1, PJ Meyer-versameling, p. 1.

32 PJ Meyer, *Nog nie vër genoeg nie*, Johannesburg, Perskor, p. 166.



Foto 2: Mnr. PJ Meyer, Voorsitter van die ATKV subkomitee belas met Onderwys

Die stigters van die nuwe universiteit het uit die staanspoor groot moeite gedoen om alle belanghebbendes daarop te wys dat hulle suiwer motiewe gehad het en dat dit nie 'n aksie was gemik teen enige bestaande universiteite soos Wits nie. Dit het hulle gedoen met 'n verklaring in die versoekskrif vir 'n eie Afrikaanse universiteit aan die minister van onderwys in 1963.³³ In dié versoekskrif word dit soos volg gestel: “Die stigting van 'n Afrikaanse Randse universiteit is nie teen enige bestaande universiteit of inrigting van hoër onderwys gerig nie maar is 'n positiewe strewe wat daarop bereken is om die potensiaal van ons blanke bevolking tot groter en voller ontwikkeling te help voer. Dit is 'n natuurlike afronding van die proses wat begin het met Afrikaanse laerskole en hoërskole aan die Rand, wat op hulle beurt die totstandkoming van 'n Afrikaanse onderwyskollege in Johannesburg genoodsaak het”.³⁴ In 'n memorandum van die Randse Afrikaanse Universiteitskomitee (RAUK) aan die Raad van die Randse Afrikaanse Universiteit vier jaar later, is samewerking tussen die twee universiteite vanuit die staanspoor in die vooruitsig gestel. Dit is duidelik gestel dat, alhoewel daar uiteenlopende standpunte bestaan het tussen Wits en RAU vanweë hulle verskillende verwysingsraamwerke, daar op akademiese en wetenskaplike navorsingsterrein noue kontak en samewerking in die vooruitsig gestel is.³⁵ Hierdie besef dui daarop dat daar duidelike nuanses in die denke van die dag rondom hierdie samewerking aan die orde was.

33 RAU C1, PJ Meyer-versameling, Lêer C 1/1, Versoekskrif insake die stigting van 'n Afrikaanse Randse Universiteit voorgelê te word op 25 November 1963 aan sy edele J De Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, p. 1.

34 RAU C1, PJ Meyer-versameling, Versoekskrif insake die stigting van 'n Afrikaanse Randse Universiteit, p. 1.

35 Randse Afrikaanse Universiteit, Lêer A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling (hiernaas RAU), Memorandum van die Randse Afrikaanse Universiteitskomitee vir oorweging deur die Raad van die Universiteit, 1967, p. 4.

Ten spyte van wat andersdenkendes en kritici te sê gehad het oor die stigting van 'n Afrikaanse universiteit, het die stigterslede onder leiding van Meyer duidelik standpunt hieroor gehuldig. Van die begin af het hulle dit pertinent gestel dat Afrikaanse opvoedkundige opleiding, en die gevolglike verbetering van die ekonomiese posisie van die Afrikaners en hul drang na selfberegting, die hoofredes was vir die noodsaak om 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand te stig. Hierdie redes blyk duidelik uit 'n memorandum wat deur 'n komitee wat die aangeleentheid namens die Afrikaners van die Rand ondersoek en opgestel het, op 12 Maart 1959 in Kaapstad aan die Minister van Onderwys, Kuns en Kultuur, minister J de Klerk, voorgelê het. In hierdie memorandum word daar duidelik gestel wat beoog word: "Die Afrikaners van die Rand beoog 'n Afrikaanse onderwyskollege en universiteit in Johannesburg nie alleen ter wille van die maatskappy met sy vinnige ontwikkeling nie, ook nie alleen ter wille van die intellektuele welstand van die bevolking en stoflike welvaart van ons land nie, maar ook en veral met die oog op die vorming van diegene wat geroepe is om die leiding te neem in die Afrikaner se stryd om selfstandigheid op die Rand."³⁶

Tydens 'n vergadering van skoolhoofde wat op 25 September 1965 gehou is by die Goudstadse Onderwyskollege en waarby 55 skole verteenwoordig was, het Meyer weereens hierdie punt beklemtoon. Hy het dit duidelik gestel dat die stigting van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand daarop gemik was om die selfverwesening en selfstandigwording van die Afrikaner in die nywerheidsentrum van die Republiek van Suid-Afrika te simboliseer. Volgens die voorsitter van die skolekomitee, JJ van Tonder, moes dit gedoen word omdat geslagte van Afrikaners vir die Afrikanerdom verlore gegaan het aangesien daar nie voldoende geriewe vir hulle bestaan het nie.³⁷

Die begeerte van Afrikanerpolitici om Afrikaner-nasionalisme verder te laat groei en hul strewe om Afrikaners in hul totaliteit en op alle vlakke op te bou, het sedert 1948 met die Nasionale Party se oorwinning die kern gevorm van alle Afrikaner-aktiwiteite. Na 1948 was Malan en sy opvolgers se doel om die "volk" te verenig en was hulle in alles wat hulle aangepak het anti-imperialisties en anti-kommunisties.³⁸ William Beinart verwys in hierdie

36 Voortrekkermonument Argiefbewaarplek, (hiernaas VMA), Pretoria, Broederbond dokumente INEG Lêer nr. AB 12/285, verwysing nr. 3/59/onderwys, 'n Memorandum opgestel deur ondersoekkomitee ter voorlegging aan Sy edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 13 Maart 1959, Kaapstad, p. 1.

37 RAU, A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling: Korrespondensie, brief van JC van Tonder aan hoofde van Afrikaansmediumskole, 30 September 1965.

38 W Beinart, *Twentieth Century South Africa* (Oxford University Press, New York, 2001), p. 145.

opsig na 'n sogenaamde “Volkseenheid”-strewer wat volgens hom verweselik moes word deur die Nasionale Party se beleid van apartheid: “If there was any dominant ideology, it was one that stressed the values of *volkseenheid* (unity), which transcended class or regional (the North-South antagonism) differences, and *volksverbondenheid*, the notion that the realization of the full human potential comes not from individual self-assertion but through identification with the service of the *volk*.”³⁹

Hierdie “volkseenheid”, en selfs idees rondom die “volkseie”, het ook sterk neerslag gevind in die stigting van die nuwe Afrikaanse universiteit soos blyk uit die memorandum van die RAUK aan die Raad van die pasgestigte Universiteit. Uit hierdie memorandum blyk dit duidelik dat die nuwe universiteit 'n egte Afrikaanse gees en karakter moes openbaar, gewortel in sy Christelik-historiese nalatenskap en in diens van die Afrikaanse volksgemeenskap.⁴⁰ Die nuwe universiteit moes dus die volk se taal, kultuur, tradisies en Christelike godsdiens simboliseer en verteenwoordig. Dit moes gedoen word binne die raamwerk van streng akademiese en wetenskaplike navorsingsbeginsels. Christelik-nasionale beskouings moes die grondslag van onderrig en navorsing vorm. Daar moes ook besef word dat hoewel die universiteit uit 'n eie Suid-Afrikaanse en Afrikaner-universiteitstradisie gegroei het, dit moes rekening hou met die eise en veranderinge oor die wêreld heen, en daarom moes dit benewens sy nasionale taak ook 'n internasionale taak vervul.⁴¹ Die beplanners en stigters van hierdie nuwe Afrikaanse universiteit het daarop aangedring dat dit 'n universiteit moes wees getrou aan die Afrikanergees, -tradisie en –geskiedenis, en eksklusief vir die Afrikaners. Daar was egter ook 'n bewussyn dat daar in voeling met die realiteit en toekoms gebly moet word deur die aanvaarding dat studente van alle groepe en tale welkom sou wees in die nuwe universiteit. Hierdie idees is deur Gerrit Viljoen versinnebeeld.

Hoewel Viljoen die “volksgebondenheid” van die universiteit ondersteun het, het hy die moed gehad om 'n “eksklusiewe geslotenheid” teen die wense van die heersende owerhede en stigters teen te staan. Dit sou hy doen deur die implementering van sy voorgestelde vier pilare waarop die nuwe Afrikaanse universiteit gebou sou word.⁴² Die eerste hoekpilaar was die handhawing van hoë wetenskaplike standaarde in geleerdheid en kennis. Die tweede was

39 W Beinart, *Twentieth Century South Africa*, p. 145.

40 RAU, A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling: Memorandum, p. 4.

41 RAU, A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling: Memorandum, pp. 4-5; RAU, A11/1, Ontstaansgeskiedenis versameling: Korrespondensie, brief van PJ Meyer aan prof. G Viljoen, 29 Maart 1966.

42 B Louw & F van Rensburg, *Bestendige Binnevuur: Perspektiewe op Gerrit Viljoen*, Kaapstad, Tafelberg, p. 125.

karaktervorming en leierskap. Die derde was “volksgebondenheid”, maar nie suiwer Afrikaner-eksklusiwiteit nie; terwyl die vierde die bevordering van die Christelike lewensbeskouing was.⁴³ Vir Viljoen moes hierdie universiteit op die vorming van die mens in sy totaliteit fokus, en nie slegs op taal en kleur nie. Die stigting en vestiging van hierdie Afrikaanse universiteit moes die droom van die Afrikaners om hulself in die Witwatersrand op alle terreine van die samelewing te laat geld, bewaarheid. Dit moes die Afrikaners se verrysing vanuit die as van swaarkry, onderdrukking en miskenning, soos weerspieël in sy geskiedenis, simboliseer. Die vervulling van hierdie droom sou egter alleen verwesenlik kon word deur struikelblokke te oorkom.

Struikelblokke in die verwesenliking van ’n Afrikanerdroom

Die Nasionale Party (NP)-regering

Tydens ’n onderhoud wat op 4 Julie 1983 met PJ Meyer, die hoof-stigterslid van die nuwe universiteit en op daardie stadium kanselier van die RAU gevoer is, blyk dat daar aansienlike struikelblokke was in die stigting van ’n Afrikaanse universiteit in Johannesburg. Volgens Meyer was die eerste groot struikelblok die NP-regering self. Teen alle verwagtinge in het die NP nie aanvanklik sy steun aan die stigting van ’n suiwer Afrikaanse universiteit in Johannesburg gegee nie. Volgens Meyer was dit moeilik om te verstaan waarom persone soos Ministers H Verwoerd en J de Klerk, wat volgens hom die posisie van die Afrikaner aan die Rand geken en verstaan het, nie uit hul pad gegaan het om die stigting van hierdie universiteit spoedig te laat plaasvind nie. Meyer het in ’n brief aan De Klerk erken dat hy verstaan het dat die besluit vir die vestiging van ’n nuwe Afrikaanse universiteit by die regering berus het en dat die regering nie ligtelik ’n besluit hieroor kon maak nie in die lig van ander dringender sake waaraan aandag geskenk moes word.⁴⁴ In hierdie omstandighede, en in die lig van erkende regeringsprosedure, is hierdie aangeleentheid eers na die Wetenskaplike Adviesraad verwys. Hierdie raad het aanvanklik besluit dat daar nie genoeg dringendheid bestaan het vir die oprigting van ’n Afrikaanse universiteit nie aangesien die oprigting van swart universiteite in daardie stadium groter prioriteit geniet het. Volgens Meyer was die Wetenskaplike Adviesraad van mening dat die bestaande universiteite eenvoudig net aan die

⁴³ B Louw & F van Rensburg, *Bestendige Binnevuur: Perspektiewe op Gerrit Viljoen*, pp. 123-128.

⁴⁴ RAU, A11/1, Ontstaansgeskiedenis-versameling, brief van PJ Meyer aan ministr J de Klerk, 18 Januarie 1965; MA Beale, “Apartheid and University Education, 1948-1970” (Ph.D, University of the Witwatersrand, 1998), p. 287.

bestaande tersiêre behoeftes moes voldoen, of hulle moes gewoon uitgebrei word om aan die behoeftes te voldoen.⁴⁵

Hierdie toedrag van sake was egter nie vir die stigterslede, naamlik PJ Meyer, H Roux, JJ P de Toit, JJ van Tonder, PJ Hattingh, J De Bruyn, JP van der Spuy, GJF Visser, PG Carstens en later E Cuyler en P van Vuuren aanvaarbaar nie. Vir hulle was dit baie belangrik dat hierdie saak verder bespreek moes word met die doel om dit weer aan die regering voor te lê. Verdere samesprekings het voorts daartoe gelei dat die Wetenskaplike Adviesraad, weens die konstante aandrang van die stigterslede, voorgestel het dat hierdie aangeleentheid met UNISA opgeneem moes word. Dit is gedoen aangesien die regering dit in die vooruitsig gestel het om die suiwer korrespondensie-funksie van UNISA in heroorweging te neem met die idee om dit na 'n residensiële universiteit te verander. Deur met samesprekings met UNISA te begin, het die gedagte ontstaan dat daar deur die moontlike verskuiwing van UNISA na Johannesburg aan die behoefte vir 'n Afrikaanse universiteit voldoen kon word.

UNISA se verskuiwing na Johannesburg

Die voorstel wat J de Klerk as Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in September 1963 gemaak het, naamlik dat UNISA van Pretoria na Johannesburg moes verskuif, het daartoe gelei dat die ware bedoeling van die stigterslede, te wete die Afrikaanse karakter van die beplande universiteit, verder na vore gekom het. Die feit dat die regering dit wel oorweeg het om UNISA na Johannesburg te verskuif ten einde 'n tersiêre inrigting vir Afrikaners daar te stel, het die ondersteuners van 'n eie Afrikaanse universiteit aan die Rand verder oortuig dat die regering erns het met die idee. Dit het derhalwe meer momentum aan die realisering van die gedagte vir 'n eie Afrikaanse universiteit in Johannesburg gegee.

De Klerk se voorstel sou egter beteken dat UNISA na Johannesburg sou moes verskuif en dat die universiteit afstand sou moes doen van sy dubbelmediumstatus en aldus 'n suiwer Afrikaanse universiteit word. Volgens 'n berig in *The Star* het De Klerk, asook die stigterslede van 'n nuwe Afrikaanse universiteit, UNISA beskou as 'n "ready-made university" omdat dié instelling reeds internasionale erkenning geniet het en oor gevestigde akademiese en

⁴⁵ RAU, C1, PJ Meyer-versameling, Leër C1/1, Onderhoud (transkripsie) met dr. PJ Meyer op 4 Julie 1983 by sy plaas Witpoortjie 81 deur mnr. J Cronjé, leier van die Argiefprojek aan die RAU en vanaf 1 Mei 1967 tot einde 1981 Skakelbestuurder van die RAU, p. 57.

wetenskaplike standaarde beskik het. Afgesien van die logistiese moeilikhede, finansiële onkoste en administratiewe uitdagings wat so 'n verskuiwing sou inhou, het dit reeds van die begin af duidelik geblyk dat daar beginselbesware bestaan het onder die personeel van UNISA rakende hierdie voorgestelde verskuiwing. Volgens die personeel sou dit onprakties wees om UNISA te omvorm in 'n residensiële universiteit met die taak om terselfdertyd voort te gaan met afstandsonderrig. Die universiteit het ook by monde van sy rektor, Prof SA Pauw, die mening uitgespreek dat die universiteit sy funksie as afstandsonderrig-instelling vir die hele Suid-Afrika ernstig opneem en dat planne in die voortuitsig gestel is om hierdie funksie verder uit te bou.⁴⁶

Tydens 'n onderhoud met Pauw het dit aan die lig gekom dat hy van mening was dat De Klerk oortuig was dat hy (Pauw) so 'n verskuiwing of stigting van 'n nuwe Afrikaanse universiteit sou voorstaan en selfs 'n fasiliterende rol van die kant van UNISA sou speel. Pauw is deur die minister versoek om 'n vergadering op 12 September 1962 in Pretoria by te woon wat ook deur Meyer, Cuyler en Van Vuuren bygewoon is. Hy is meegedeel dat hierdie vergadering vertroulik was, en dat hy voorlopig met niemand daarvoor moes praat nie. Tydens hierdie onderhoud het Pauw die mening uitgespreek dat die minister en andere wat die vergadering bygewoon het hom in 'n baie slegte posisie geplaas het aangesien hy die gevoel gekry het dat hy 'n meehelper moes wees in die stigting van 'n Afrikaanse universiteit as teenvoeter vir Wits en sy liberale invloed. Dit moes hy doen in weerwil van sy eie posisie as rektor van UNISA en die ideale wat die universiteit oor etlike jare heen gekoester het.⁴⁷

Pauw het egter tydens die vergadering sy standpunt duidelik gestel: hierdie verskuiwing kon slegs plaasvind mits die universiteit sy dubbelmediumstatus kon behou en nie 'n instelling slegs vir blankes sou wees nie.⁴⁸ Meyer het in 'n brief aan De Klerk hierdie standpunt van Pauw en die personeel van UNISA veroordeel. Meyer was van mening dat dit gemik was teen die ideale van die Afrikaners aan die Rand. Dit was ook deels toe te skryf aan die feit dat die rektore van Wits, Natal, Rhodes en Kaapstad op die Raad van UNISA gedien het. Hulle sou dus die voorstel dat UNISA omvorm moes word tot 'n suiwer Afrikaanse instelling teengestaan het.⁴⁹ Hierdie standpunt van Meyer het dan ook lig gewerp op die ware bedoeling van die stigterslede van 'n nuwe

46 *The Star*, 26 September 1963.

47 RAU, A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling; Onderhoud (transkripsie), Prof. SA Pauw deur dr. O Geyer, Pretoria, 1983, pp. 4-5.

48 RAU, A11/2, Onderhoud, Prof. Pauw, pp. 7-8.

49 RAU, A11/1, Ontstaansgeskiedenis-versameling, Brief van PJ Meyer aan Minister J de Klerk, 18 Januarie 1965.

Afrikaanse universiteit, naamlik dat hulle nie 'n universiteit in die vooruitsig gestel het wat dubbelmedium sou wees en plek gehad het vir ander rasse nie – hul uiteindelijke doelwit was om 'n volwaardige *Afrikaanse* universiteit daar te stel.⁵⁰

Teen die begin van 1965 is beraam dat die verskuiwing van UNISA van Pretoria na Johannesburg ongeveer R9.5 miljoen sou kos indien die Kabinet daartoe sou instem.⁵¹ Uit koerantberigte vroeg in 1965 blyk dit duidelik dat hierdie verskuiwing nie net erg duur sou wees nie, maar groot opofferings aan die kant van die personeel van UNISA sou meebring. Dit sou egter onderneem word in belang en tot voordeel van Suid-Afrika.⁵² Teen Maart 1965 kom dit aan die lig dat daar in politieke kringe ontevredenheid bestaan het oor hierdie verskuiwing, eensyds omdat UNISA dit in verklarings aan die pers duidelik gestel het dat die nuwe instelling sy tweetalige karakter moes behou, en andersyds oor die voorgestelde terrein waarop die nuwe universiteit gebou sou moes word. Volgens die berig het Randse NP-Volksraadslede tydens 'n byeenkoms in Kaapstad besluit dat die nuwe universiteit in 'n Afrikaanse omgewing aan die Rand gebou moes word, verkieslik in Johannesburg, en dat dit 'n suiwer Afrikaanse instelling moes wees.⁵³ UNISA se aandrang op die behoud van sy tweetalige karakter en toegang tot 'nie-blanke' studente is dus verwerp.

In 'n brief aan De Klerk van Maart 1965 stel Pauw weer sy eie en UNISA se standpunt. Volgens Pauw het hy en die universiteit ten volle besef dat dit binne die magte van die regering en die universiteitswet was om UNISA te verskuif en sy tweetalige karakter, en alles wat daarmee saam gaan, te verander. Hy het egter die hoop uitgespreek dat die regering genoeg respek vir die eie aard en identiteit van UNISA het om nie teen die wense van die universiteitsgemeenskap op te tree nie. Pauw het voorts De Klerk daarop gewys dat UNISA heel van die begin af sy standpunt gestel het ten opsigte van die taalbeleid, studentsamestelling en onderrigmetode tydens die eerste onderhandelinge met die RAUK op 5 Maart 1964.⁵⁴ Volgens Pauw het die komitee tydens verskeie onderhandelingsgeleenthede daarna nooit aangedui dat hulle die voorbehoude van UNISA teenstaan nie. Hierdie voorbehoude

50 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, Onderhoud met P J Meyer, pp. 57-58.

51 *Die Transvaler*, 17 Februarie 1965.

52 *Die Transvaler*, 12 Februarie 1965, *The Star*, 16 Februarie 1965.

53 *Dagbreek en Sondagnuus*, 14 Maart 1965.

54 RAU, A11/1, Ontstaansgeskiedenis-versameling. Brief van Prof. SA Pauw aan Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Kultuur Mnr. J De Klerk, 19 Maart 1965, pp. 1-2.

is ook duidelik gestel in die verslae van die Toekomskomitee en die Beplanningskomitee van die RAUK.⁵⁵ Ten slotte het Pauw De Klerk daarop gewys dat daar inderdaad 'n groot behoefte bestaan vir die oprigting van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand, maar dat dit nie 'n verlengstuk moes wees van UNISA nie. Hy het De Klerk daarop gewys dat hierdie aangeleentheid vir te lank gedraai het, en hom versoek om so spoedig moontlik die saak vir oorweging aan die Kabinet voor te lê.⁵⁶

In April 1965 blyk dit al meer dat teenkanting teen die verskuiwing van UNISA na Johannesburg onder die personeel van UNISA aan die oplaai was. Volgens 'n berig in *The Star* van 2 April 1965 spreek 'n lektor (anoniem) van die universiteit die mening uit dat so 'n verskuiwing 'n gevaarlike presedent sou skep aangesien die Engelstalige gemeenskap in Pretoria ook op 'n Engelse universiteit in Pretoria sou kon aandrang. Voorts sou die verskuiwing van UNISA die beëindiging van iets unieks in Pretoria beteken aangesien dit onderwysgeleenthede vir dié wat dit nodig het landswyd sou wegneem.⁵⁷ In 'n brief van BFJ van Rensburg in sy hoedanigheid as die Registrateur van UNISA, en namens Pauw, het hy De Klerk as volg ingelig oor die besluit van die Raad van UNISA: in die lig van die Kabinet se besluit om nie die voortsetting van die tweetalige karakter van UNISA te aanvaar nie, is daar besluit dat die saak vir besluitneming oor die toekoms van UNISA verwys sou word na die Dosenteraad en die Senaat van die universiteit.⁵⁸

In Junie 1965 het die personeel van UNISA oorweldigend teen die verskuiwing van UNISA gestem.⁵⁹ Hierdie besluit is tydens 'n personeelkomiteevergadering geneem. Volgens die besluit sou die personeel tot so 'n verskuiwing instem indien die universiteit sy tweetalige karakter en 'nie-blanke' studente kon behou. Hulle was egter van mening dat dit nie die goedkeuring van die Randse stigterslede vir 'n nuwe Afrikaanse universiteit sou wegdra nie. Hulle stel dit soos volg: "This does not conform to the vision of the Randse Komitee which seeks a 'take over' of the University of South Africa and its transformation into an all-Afrikaans university, with the non-white students of the university of South Africa 'transferred' to the non-white university colleges."⁶⁰ Teen Junie 1965 was dit duidelik dat die verskuiwing van UNISA na Johannesburg

55 RAU, A11/1, Ontstaansgeskiedenis-versameling. Brief van Pauw aan de Klerk, 19 Maart 1965, pp. 2-3.

56 RAU, A11/1, Ontstaansgeskiedenis-versameling. Brief van Pauw aan de Klerk, 19 Maart 1965, pp. 3-5.

57 *The Star*, 2 April 1965.

58 RAU, A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling. Brief van BFJ van Rensburg (Registrateur namens die rektor van die universiteit) aan J de Klerk, 14 Mei 1965.

59 *The Sunday Times*, 20 Junie 1965.

60 *The Sunday Times*, 20 Junie 1965.

te veel teenkanting gekry het aangesien UNISA nie wou toegee aan die eise dat die nuwe universiteit 'n suiwer Afrikaanse karakter moes hê en uitsluitlik toegang vir “blanke” Afrikaanse studente moes verseker nie. Op 4 Augustus 1965 deel De Klerk vir Pauw per brief mee dat die Kabinet besluit het dat alle planne vir die verskuiwing van UNISA na Johannesburg laat vaar is. Hierdie besluit van die regering het bewys dat hy die outonomie van UNISA respekteer en eerder besluit het dat 'n volwaardige *nuwe* Afrikaanse universiteit in Johannesburg gestig sou moes word.⁶¹ Daarmee is nog 'n hoofstuk in die stryd om 'n Afrikaanse universiteit in Johannesburg gevestig te kry, uiteindelik afgesluit.

Die stigterslede se volgehoue pogings om die gedagte aan 'n Afrikaanse universiteit in Johannesburg te bevorder is aanvanklik met sukses bekroon toe die Goudstadse Onderwyskollege in 1961 in Johannesburg tot stand gekom het. Die onderhandelinge met UNISA om na Johannesburg te verskuif in 'n poging om 'n Afrikaanse universiteit in Johannesburg te verseker, het 'n lang ompad in die verwesenliking van hierdie ideaal verteenwoordig. Soos hierbo aangetoon, het hierdie poging misluk. Die regering se besluit dat daar van afgesien moes word om UNISA na Johannesburg te verskuif in 'n poging om 'n Afrikaanse universiteit daar te vestig, het egter baie verwagtinge geskep. Die verwagtinge wat daar in die pers en onder die Randse Afrikaners geskep is, het direk daartoe aanleiding gegee dat die regering in beginsel moes besluit dat 'n volwaardige Afrikaanse universiteit in Johannesburg gevestig moes word.

Volgens Meyer was dit hierdie ideaal wat die stigterslede heel van die begin af in gedagte gehad het, maar weens die regering se aanvanklike teenkanting moes hierdie langer pad gevolg word. Hier verwys Meyer na die aanbeveling van die Wetenskaplike Adviesraad, naamlik dat daar met UNISA onderhandel moes word. Volgens Meyer het Pauw, die rektor van UNISA, daartoe ingestem deur die volgende te sê: “[K]om ons probeer dit 'n slag, net om die ding aan die gang te hou.”⁶² Uit hierdie onderhoud blyk dit verder dat Pauw self in 'n stadium tot die gevolgtrekking gekom het dat die stigterslede nie tevrede sou wees met 'n “halwe poging” in die stigting van die nuwe universiteit nie, maar dat hulle 'n volwaardige nuwe Afrikaanse universiteit in gedagte gehad het. Die regering se posisie in daardie stadium ten opsigte van hierdie saak aan die Rand, en vanweë die regering se steun aan die nuwe Universiteit van Port Elizabeth, het volgens Meyer die posisie van die Randse stigterslede versterk.

61 RAU, A11/2, Ontstaansgeskiedenis-versameling, Brief van J de Klerk aan SA Pauw, 4 Augustus 1965.

62 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, Lêer C1/1, Onderhoud met Meyer deur Cronjé, p. 58.

Meyer was van mening dat die regering weens hierdie verwickelinge nie hulle versoek vir 'n nuwe universiteit van die hand kon wys nie.⁶³

'n Geskikte terrein

Die uitskakeling van die regering se teenkating teen die stigting van 'n volwaardige nuwe Afrikaanse universiteit en sy instemming tot die stigting van die nuwe universiteit, het nie beteken dat die laaste fase of "veldtog" in die verwesenliking van hierdie ideaal maklik sou verloop nie. Die stigterslede is telkens met nuwe struikelblokke gekonfronteer. Een hiervan was die identifisering van die terrein waar die nuwe universiteit opgerig moes word. Van meet af aan, met die aankondiging van die regering dat 'n universiteit in Johannesburg gebou sou word, is daar in die koerante bespiegel oor watter terrein vir dié doel gebruik sou word. In *Die Vaderland* is daar vier moontlikhede genoem: Emmarentia, Kensington, Cottesloe of Vrededorp.⁶⁴ Die terrein tussen Gillooly se plaas en die ou Bruma-rioolplaas, bekend as Kensington, is onmiddellik deur Meyer verwerp aangesien hy nie sy weg kon oopsien om hierdie nuwe Afrikaanse universiteit op 'n ou rioolplaas te bou nie. Die terreine wat deur die stadsraad voorgestel is, was ook nie aanvaarbaar nie aangesien dit nie naby genoeg aan die middestad van Johannesburg geleë was nie.⁶⁵ Die voorstel van die Afrikaanse Sakekamer van Johannesburg aan De Klerk, naamlik dat die nuwe universiteit in Vrededorp-Fordsburg gebou moes word, is heelhartig deur die Inwonersvereniging van Rossmore en Auckland Park ondersteun.⁶⁶ Hulle het so 'n plan ondersteun omdat die inwoners van hierdie gebiede gevrees het dat van hulle grond onteien sou word.⁶⁷ Die reaksie van die Universiteitskomitee was dat daar nog geen sprake was dat daar enige planne was om grond rondom die Onderwyskollege, die Hoërskool Helpmekeer of in Parktown te onteien nie. Die groeiende protes onder inwoners van die gebiede rondom Auckland Park het tot 'n protesvergadering gelei teen die moontlike oprigting van 'n universiteit in hierdie gebiede en nie in Vrededorp nie.⁶⁸

Tydens hierdie groot protesvergadering, wat deur die Auckland Park en Rossmore Inwonersvereniging gereël is, het dit ook geblyk dat inwoners

63 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, Onderhoud met Meyer, p. 58.

64 *Die Vaderland*, 5 Augustus 1965.

65 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, Onderhoud met Meyer, p. 58.

66 *Die Transvaler*, 3 Junie 1965.

67 *Dagbreek en Sondagnuus*, 17 Oktober 1965.

68 *The Star*, 15 Oktober 1965.

bekommerd was oor die impak wat die oprigting van so 'n universiteit op die omgewing en eienaars van eiendomme sou hê. Daar is aangevoer dat die oprigting van die nuwe universiteit in die geïdentifiseerde gebiede die einde sou beteken van die oudste en mooiste voorstede van Johannesburg. Dit sou ook beteken dat mense hul wonings sou verloor aangesien grond onteien sou moes word wat tot persoonlike verlies en ongerief sou lei. Die gebied wat voorgestel is, sou naby die Goudstadse Onderwyskollege wees, en die militêre depot in Auckland Park, dele van die Johannesburgse Buiteklub (gholfbaan) en private eiendomme (Westdenepark) insluit. Die geïdentifiseerde gebied was besonder uitgestrek, wat sou beteken het dat die regering noodgedwonge grond sou moes onteien.⁶⁹ Tydens hierdie vergadering is daar besluit dat 'n afvaardiging verkies sou word om by De Klerk te protesteer teen die oprigting van die universiteit in hierdie woonbuurte. Tydens hierdie vergadering is daar ook twee mosies aanvaar. Die een was dat die inwoners gekant was teen die oprigting van 'n universiteit in hierdie woongebiede, en die ander was dat hulle nie gekant was teen die oprigting van 'n Afrikaanse universiteit in Johannesburg nie.⁷⁰

Vir die RAUK was daar egter net een terrein: Auckland Park. 'n Ander gedeelte wat ook vir die oprigting van die nuwe universiteit benodig sou word, en eventueel ingesluit is, was 'n ou gholfbaan wat aan die Johannesburgse Buiteklub behoort het. Dit het dus beteken dat Engelse sake- en beroepslui daar eiendom besit het. Die vrese van baie eienaars, dat die oprigting van die nuwe universiteit tot grootskaalse onteiening aanleiding sou gee, was egter ongegrond. Dit was omdat die geïdentifiseerde terrein meestal onbeboud was en slegs weinig onteiening genoodsaak het.⁷¹ Die publisiteit wat toe reeds aan die sogenaamde "terrein-kwessie" in die pers verleen is, het daartoe aanleiding gegee dat die bestuur van die Johannesburgse Buiteklub nie in die openbaar hulle steun vir die verkryging van 'n gedeelte van hierdie grond aan die RAUK kon gee nie. Volgens Meyer het die voorsitter van die bestuursraad hom meegedeel dat hulle nie die gedagte aan hierdie universiteit – en daarmee saam die verkryging van die grond – verder polities kon teenstaan nie. Hulle kon egter nie die grond aan die RAUK verkoop nie aangesien die Engelse pers dit sou interpreteer as steun van die bestuursraad van die Buiteklub vir die oprigting van 'n Afrikaanse universiteit. Hulle het toe voorgestel dat die grond onteien moes word. Volgens Meyer sou dit nie nodig wees om die

69 *Rand Daily Mail*, 28 Oktober 1965.

70 *Die Transvaler*, 23 Oktober 1965.

71 *Dagbreek en Sondagnuus*, 7 Novemebr 1965.

grond te onteien nie aangesien die teenkanting van die bestuursraad op bloot tegniese aspekte berus het en omdat die RAUK die stilswyende steun van die bestuursraad vir die verkryging van die grond gehad het.⁷²

In Meyer se outobiografie, *Nog nie ver genoeg nie*, toon hy aan dat die gedeelte van die buiteklub se grond verkry is deur onteiening. Tydens 'n onderhoud met hom maak hy egter die stelling dat dit nie nodig was nie aangesien dit die Engelse en Joodse sake en beroepslui net die “harnas” sou injaag. Hieruit ontstaan die vermoede dat die grond deur 'n ruilkooptransaksie bekom is, soos wat die geval was met die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se verkryging van 'n gedeelte van die ou renbaan in Auckland Park. Hierdie grond is aanvanklik deur die Weermag en Polisie in Auckland Park gebruik en is later aan die RAU gegee en op sy beurt aan die SAUK verruil.⁷³ Hierdie agter-die-skerm-transaksies laat die skrywer dus tot die volgende gevolgtrekking kom: Hoewel daar baie teenkanting vanuit die Engelstalige sakekringe was, aangevuur deur die agitatie in die Engelse pers teen die oprigting van die Afrikaanse universiteit, was daar tog die besef dat dit aan die een kant nodig was en aan die ander kant dat dit nie gestuit sou kon word nie. Met die verkryging van die grond was een groot struikelblok uit die weg geruim en kon daar voortgegaan word met die oprigting van die universiteit, of só is daar gedink.

Die gewetensklousule

Teen April 1966 het die RAUK oor R1 640 000 beskik vir die oprigting van die universiteit. Hierdie fondse is geskenk deur ondersteuners van die idee van 'n Afrikaanse universiteit. Die regering het daarop aangedring dat die komitee oor R750 000 moes beskik voordat daar met formele stappe begin kon word vir die vestiging van die universiteit. Deur die bemiddeling van H Koch, wat noue bande met die Kamer van Mynwese gehad het, is daar later R200 000 by hierdie bedrag gevoeg.⁷⁴ Dit was egter die beloofde R500 000 deur die Johannesburgse stadsraad wat 'n moontlike groot struikelblok vir die oprigting van die universiteit kon wees. Die rede hiervoor was dat hierdie bedrag deur die Verenigde Party-(VP-) meerderheid in die Johannesburgse stadsraad teruggehou sou word sou die RAUK voortgaan om die gewetensklousule in die universiteitswet op te neem. Volgens Meyer

72 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, Onderhoud met Meyer, pp. 60-61.

73 PJ Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 177.

74 PJ Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 173.

was P Roos, as VP-verteenwoordiger en voorsitter van die Johannesburgse bestuurskomitee, van mening dat die meerderheid van die VP-beheerde bestuursraad Joods was. Hulle was bekommerd dat, indien die klousule in die universiteitswet opgeneem sou word, daar teen nie-Christene wat by die universiteit wou kom studeer of werk, gediskrimineer sou word. Om hierdie saak te beredder het Roos voorgestel dat Meyer net per brief die versekering aan die stadsraad sou gee dat hierdie klousule nie in die wet opgeneem sou word nie, of dat die bewoording anders daar sou uitsien as wat die geval was met die ou gewetensklousule.⁷⁵ Indien Meyer hierdie versekering sou gee, sou die geld vir die oprigting van die universiteit goedgekeur word.

Hierdie toedrag van sake het daartoe aanleiding gegee dat daar in die Afrikaanse pers gespekuleer is dat die Johannesburgse stadsraad die RAUK wou afpers en aan die komitee wou voorskryf wat die aard en karakter van die universiteit moes wees.⁷⁶ In die Engelse pers is daar gevoel dat die stadsraad alle reg gehad het om dit te vereis aangesien die fondse openbare fondse was en dat dit nie aangewend kon word om 'n eksklusiewe universiteit gegrond op ras, kultuur, taal en godsdiens daar te stel nie.⁷⁷ Die standpunt van die RAUK was dat die nuwe universiteit 'n Afrikaanse, Christelike universiteit sou wees en dat geen groep aan die komitee sou voorskryf hoe die gewetensklousule hanteer moes word nie. Roos het voorgestel dat Meyer met die Joodse Raad van Afgevaardigdes moes vergader. Meyer se antwoord op die aandrang van die Joodse verteenwoordigers was dat die gewetensklousule ingesluit sou word, maar dat dit openbaar gemaak sou word dat dit gedoen is op aandrang van die Raad van Afgevaardigdes. Hiervoor was hulle nie te vinde nie, en die saak is oorgelaat vir hantering deur die RAUK⁷⁸ Met die gewetensklousule weggelaat en vervang met 'n klousule gebaseer op die aanhef van die grondwet wat godsdiensvryheid verseker, is daar voortgegaan met die beplanning en stigting van die nuwe Afrikaanse universiteit.⁷⁹ Met al die struikelblokke uit die weg geruim, is die Randse Afrikaanse Universiteit uiteindelik op 12 Februarie 1968 geopen.

75 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, pp. 63-64.

76 *Dagbreek en Sondagnuus*, 7 November 1965.

77 *The Star*, 8 November 1965.

78 RAU, C1, PJ Meyer-versameling, p. 66.

79 MA Beale, "Apartheid and University Education, 1948-1970" (Ph.D, University of the Witwatersrand, 1998), p. 333.

Samevatting

Uit die voorafgaande blyk dit dat die stigting van die RAU nie 'n aksie was deur die Broederbond gemik teen Wits nie. Dat die stigterslede wel aan die Broederbond behoort het, is waar. Die stigting van die RAU was die uitvloeisel van 'n groep vooraanstaande Afrikaners in onderwyskringe se ideale om Afrikaners tot hul reg te laat kom in die nywerheidshartland van Suid-Afrika. Dit was 'n strewe na die verwesenliking van 'n Afrikanerdroom. 'n Droom waarin die Afrikaners hulle ophef uit 'n miskende verlede en hulleself laat geld in hul selfstandigwordende hede. Hierdie droom is help verwesenlik, of ten minste gemotiveer, deur die groeiende getal Afrikaanse skoliere aan die Rand teen die 1950s, asook die Afrikaanse Christelik-nasionale karakter van die beoogde universiteit.

Soos die geval met die geskiedenis van ander universiteite in Suid-Afrika het die ontstaan van die RAU gepaard gegaan met struikelblokke. Die belangrikste hiervan was die verskuiwing van UNISA na Johannesburg, 'n geskikte terrein vir die nuwe universiteit en die gewetenskousule.

Een aspek wat baie duidelik na vore kom in die bespreking rondom die verskuiwing van UNISA na Johannesburg was die feit dat alhoewel die stigterslede hierdie verskuiwing ooglopend ondersteun het, dit nie was wat hulle werklik in gedagte gehad het nie. Die stigterslede wou 'n nuwe Afrikaanse universiteit hê; nie 'n "tweedehandse" instelling waaraan bepaalde vereistes gekoppel was voordat 'n verskuiwing kon plaasvind nie. Die feit dat UNISA se personeel en ander rolspelers besluit het dat so 'n verskuiwing nie wenslik sou wees nie, het in die guns getel van die stigterslede. Enersyds is daar die verwagting geskep dat 'n Afrikaanse universiteit realiteit sou word in Johannesburg, met die gevolglike druk op die regering om dit te laat gebeur. Andersyds sou dit 'n nuwe universiteit wees waaraan daar nie voorwaardes gekoppel sou word nie behalwe dat dit aan die verwagtinge van die stigterslede sou voldoen.

Die feit dat die stigterslede die aanvanklike voorstel van die Stadsraad van Johannesburg, naamlik dat die nuwe universiteit gebou moes word op die ou Bruma-rioolplaas, van die hand gewys het, beklemtoon hoe belangrik selfs die keuse van 'n terrein in die verwesenliking van hierdie droom was. Die blote gedagte dat hierdie Afrikanerdroom moes verrys met sy fundamente gesetel in 'n ou rioolplaas was onaanvaarbaar. Dit is om dié rede dat Meyer met die hulp van die stilswyende bestuur van die Johannesburg se Buiteklub

daarin geslaag het om 'n gedeelte van die Buiteklub te bekom. Hierdie grond saam met ander in Aucklandpark sou dus die terrein beslaan waarop die nuwe universiteit gebou sou word. Die feit dat die bestuur van die Johannesburgse Buiteklub ingestem het om die grond aan die stigterslede beskikbaar te stel dui ook daarop dat hulle besef het dat hulle nie vestiging van hierdie universiteit verder polities kon teenstaan nie. Ten slotte het die debakel rondom die gewetenskousule en Meyer se hantering daarvan, gewys hoe selfs die invloedryke Joodse Raad van Afgevaardigdes nie die verwesenliking van 'n Afrikaner droom kon stuit nie. Saam met die Engelse sake- en beroepslui en VP-beheerde Stadsraad het die Raad van Afgevaardigdes besef dat 'n nuwe Afrikaanse universiteit in Johannesburg wel gevestig sou word. Hulle pogings om deur die weerhouding van grond en finansies hierdie planne in die wiele te ry, was onsuksesvol. Op 12 Februarie 1968 is die Afrikanerdroom van jare lank uiteindelik verwesenlik met die inlywing van die Randse Afrikaanse Universiteit.